



**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE  
GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 11 AUGUSTUS 2011 OM 11:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)  
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

rdl C H H Hunsinger  
rdl A C Sedeman  
rdl M van Zyl  
rdl W Wilskut

Ander raadslede:

rdl H McKrieling  
rdh N J A Rust  
rdl J I van der Merwe  
rdl R F van der Westhuizen

Beampes:

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz  
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche  
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys  
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper  
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp  
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit  
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha  
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

**1. OPENING**

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Geen

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

Geen

**4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING**

**4.1 NOTULE VAN 'N SPESIALE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-  
VERGADERING GEHOU 28 JUNIE 2011**

**BESLUIT**

Dat die notule van 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou 28 Junie 2011 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

#### **4.2 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU 20 JULIE 2011**

##### **BESLUIT**

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou 20 Julie 2011 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

#### **4.3 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU 5 AUGUSTUS 2011**

*[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]*

### **5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

#### **5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU 5 AUGUSTUS 2011**

##### **5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES**

###### **BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

##### **5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE**

###### **BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

##### **5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE**

###### **BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

### **6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen

### **7. NUWE SAKE**

#### **7.1 LEWERING VAN BIBLIOTEEKDIENSTE: VERSKAFFING VAN MANDAAT (17/8/B)**

Tydens gesprekke met die Provinsiale Biblioteekdienste en die Provinsiale Tesourier op 2 Augustus 2011 is bevestiging ontvang dat Swartland Munisipaliteit een van 15 munisipaliteite in die Wes-Kaap is wat kwalifiseer vir sogenaamde "replacement funds".

Gemelde toekenning ten bedrae van R3 195 007,00 staan addisioneel tot die "Conditional Provincial Grant" van R615 000,00 wat jaarliks ontvang word vir die finansiering van kontrakpersoneel by biblioteke.

Vir die 2011/2012 finansiële jaar word die Munisipaliteit se biblioteekuitgawes op sowat R3 717 miljoen (toekenning van R615 000,00 ingesluit) beraam, en behoort die toekenning derhalwe die begrote uitgawes in totaliteit te kan finansier.

##### **BESLUIT**

- (a) Dat in die lig van die omstandighede soos hierbo aangetoon, die munisipaliteit sy mandaat aan SALGA formuleer om die toewysing van biblioteke aan plaaslike regering by wyse van "executive assignment" in terme van artikel 156(4) van die Grondwet te fasiliteer, waaruit die ondertekening van ooreenkomste (en gepaste befondsing) sal moet volg;

7.1/...

- (b) Dat kennis geneem word van die toekenning aan die munisipaliteit ten bedrae van R3 195 007,00 ten opsigte van die 2011/2012 finansiële jaar vir die finansiering van die biblioteke se bedryfsuitgawes, en dat 'n skrywe van dank aan die Minister van Kulturele Sake en Sport en die Provinsiale Tesourier gerig word;
- (c) Dat die aansuiweringsbegroting wat op die 2011/2012 begroting opgestel staan te word, deur die Direkteur: Finansiële Dienste aangepas sal word om die voormelde toekenning te akkommodeer;
- (d) Dat, met bogenoemde inaggenome, 'n regsopinie aangaande onbefondste mandate teruggehou word, met verwysing na die besluit wat reeds op 5 Mei 2011 deur die munisipale raad in hierdie verband geneem is.

## **7.2 WYSIGING IN DIE GRONDWET VAN WYKSKOMITEES (3/4/4/B)**

'n Versoek is vanaf die Uitvoerende Burgemeester ontvang om die periode na afloop van die sluiting van nominasies te verleng, alvorens die verkiesing plaasvind. Dit sal wyksraadslede die geleentheid gee om die nominasies wat ontvang is deur te gaan en waar nodig geskikte kandidate te werf vir die belangeveld wat nog nie oor 'n genomineerde beskik nie.

Die bestaande grondwet bepaal dat die verkiesing vir wykskomiteelede nie minder as 7 dae of meer as 10 dae na die ontvangs van nominasies mag plaasvind nie.

### **BESLUIT**

- (a) Dat daar aan die Raad op 25 Augustus 2011 aanbeveel word dat die volgende wysiging in die Grondwet vir Wykskomitees goedgekeur word:  
"Die sluitingsdatum vir die ontvangs van nominasies moet hoogstens 21 dae wees voor die datum wat ooreenkomstig paragraaf 9(1)(a) vir die verkiesing van lede van die wykskomitees vasgestel is."
- (b) Dat, inaggenome die wysiging, die verkiesing van wykskomitees sal moet plaasvind voor 1 September 2011 en dat goedkeuring aldus verleen word om die verkiesings in die onderskeie wyke in die week van 29 Augustus 2011 te hou.

## **7.3 NOTULES VAN TENDERTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERINGS (11/1/3/1/6)**

Die notules van die afgelope tendertoekenningskomiteevergaderings is met die sakelys gesirkuleer.

### **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die inhoud van die notules van die Tendertoekenningskomiteevergaderings wat onderskeidelik op 31 Mei, 23 en 24 Junie en 4 Julie 2011 plaasgevind het.

## **7.4 VERHUUR VAN POSKANTOORGEBOU OP RIEBEEK KASTEEL (12/1/3/1-11/1)**

Die gebou geleë op erf 147, Riebeek Kasteel word op 'n jaar tot jaar basis aan mev J Jordaan verhuur vir doeleindes vir die bedryf van 'n poskantooragentskap.

### **BESLUIT**

- (a) Dat gedeelte van die gebou geleë op erf 147, Riebeek Kasteel uit-die-hand-uit vir 'n verdere termyn van 12 maande aan me J Jordaan verhuur word vir doeleindes van 'n poskantooragentskap;
- (b) Dat, ter wille van voortgesette dienslewering aan die gemeenskap van Riebeek Kasteel, die Raad steeds 'n bydrae maak met insentiewe deur middel van 'n laer huurgeld, en dat die bestaande huurtarief van R100,00 per maand plus 14% BTW goedgekeur word;
- (c) Dat die huurvoorwaardes onveranderd bly.

## 7.5 HUIROOREENKOMS, JO-DOLPHIN SPECIAL CARE CENTRE (12/2/R)

Die Raad verhuur erf 1094, Malmesbury aan die *Jo-Dolphin Special Care Centre* met ingang van 1 April 2010 vir die oprigting van 'n dagsorgsentrum vir gestremde kinders, beskutte werkswinkel en later ook 'n groepshuisskema.

Na 'n proses wat reeds in Januarie 2010 'n aanvang geneem het is die sentrum op 15 September 2010 as die 28ste tak van die Wes-Kaapse Assosiasie vir Persone met Gestremdhede ingelyf, en staan nou bekend as die *Jo-Dolphin Swartland Association for Persons with Disabilities (JDSAPD)*.

Die sentrum se bouplanne is tans onder oorweging en word hul aansoek om befondsing ook tans geprosesseer.

### BESLUIT

- (a) Dat 'n addendum tot die huurooreenkoms met *Jo-Dolphin* gevoeg word ten einde hul naamsverandering te erken;
- (b) Dat goedkeuring verleen word dat die ontwikkeling op die perseel 'n aanvang moet neem binne een jaar na 1 April 2011 en die dagsorgsentrum (fase 1) binne twee jaar na 1 April 2011 opgerig en in gebruik gestel moet wees.

## 7.6 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN HUURGEBIED NO. 6, WESBANK, MALMESBURY (12/2/5/2-8/6)

Huurgebied no. 6 (gedeelte van erf 2395, Irisstraat, Malmesbury) word ingevolge 'n notariële huurooreenkoms aan mnr Thorleif Halvorsen (reeds oorlede) en mnr Fredric de Beer verhuur sedert 1 Januarie 1975.

Die huurgebiede is destyds deur die voormalige Malmesbury Munisipaliteit geskep en aan werkgewers beskikbaar gestel om behuising vir hul werknemers op te rig, maar die eiendomme word reeds vir 'n geruime tyd nie meer verhuur aan die betrokke persone se werknemers nie.

'n Aansoek is derhalwe ontvang vanaf die twee huurders om eienaarskap van die eiendomme te bekom, na onderverdeling.

### BESLUIT

- (a) Dat die Raad volstaan met sy standpunt om die huurgebiede in Wesbank, waarby huurgebied no. 6 ingesluit is, aan die bewoners daarvan en nie die notariële huurders nie, te vervreem;
- (b) Dat goedkeuring verleen word dat huurgebied no. 6 onderverdeel word en uit-die-hand-uit aan die huidige bewoners van die twee skakeleenhede vervreem word ingevolge die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom;
- (c) Dat die raadsprokureur versoek word om die vervreemding van die eiendomme te bewerkstellig, onderhewig aan die volgende voorwaardes:
  - (i) die verkoopprijs van die twee onderverdeelde eiendomme gekoppel word aan die maksimum behuisingssubsidie, synde R84 000,00 per eiendom;
  - (ii) 'n drieledige verkoopooreenkoms in beide gevalle gesluit sal word met die koper, die munisipaliteit en die notariële huurder as partye daartoe;
  - (iii) gebaseer op die pro rata grond- en verbeteringswaardasie op die eiendom, kompensasie soos volg sal geskied in beide gevalle:
 

- vergoeding aan die munisipaliteit vir die grond:	R24 000 per erf
- vergoeding aan die notariële huurders vir verbeterings:	R60 000 per erf
Totaal per erf	R84 000 per erf

7.6/...

- (d) Dat enige vergoeding wat reeds deur die Halvorsens van hul huurder verhaal is, verreken sal word teen die kompensasie waarop hulle ingevolge bogemelde formule sal aanspraak maak, ten gunste van die oordragnemer;
- (e) Dat die uit-die-hand-vervreemding van die eiendom ingevolge die bovermelde verordening vir publieke kommentaar geadverteer sal word;
- (f) Dat die munisipaliteit en die notariële huurders (en nie die kopers in hierdie geval nie) aanspreeklik sal wees vir die onderverdelings-, oordrags- en advertensiekostes wat uit die twee transaksies voortspruit, pro rata op dieselfde verhoudingsbasis soos vasgestel in paragraaf (c)(iii) hierbo, om – in die geval van die notariële huurders – uit die opbrengs van die verkope by oordrag van die eiendomme verhaal te word.

## 7.7 OPRIGTING VAN WiFi TOERUSTING OP KLIPKOPPIE (6/2/3/1/2)

'n Skrywe is ontvang waarin *Icasa VANS*, 'n voorsiener van Wireless Internet-dienste, aansoek doen vir die huur van 'n gedeelte van die munisipale perseel by die Klipkoppie vir die installering van hul toerusting.

Die organisasie verskaf Internet-toegang aan die publiek, skole en korporatiewe instansies teen 'n verminderde tarief.

### BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word aan *Icasa VANS* vir die installering van Wireless Netwerk-toerusting by die Klipkoppie;
- (b) Dat die maatskappy se toerusting nie enige steuring op die munisipaliteit se netwerk en/of telemetrie-stelsel mag veroorsaak nie en indien gevind word dat daar wel steuringe veroorsaak word, dit onmiddellik afgeskakel sal moet word;
- (c) Dat die maatskappy nie hulle toerusting binne die omheiningmuur van die munisipaliteit se gebou mag oprig nie, as gevolg van 'n spasie-tekort en dat toegangsbeheer tot die perseel 'n probleem kan word;
- (d) Dat die huurder by die Departement: Elektriese Ingenieursdienste aansoek doen vir 'n elektriese aansluiting waarvoor 'n meter en meterkas benodig sal word;
- (e) Dat 'n huurtermyn van 3 jaar bepaal word;
- (f) Dat huurgeld R212,00 per maand plus 14% BTW sal beloop;
- (g) Dat die voorgestelde verhuring in terme van die Raad se verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom in die plaaslike pers bekend gemaak word;
- (h) Dat die huurder verder verantwoordelik sal wees vir die betaling van die advertensiekostes in hierdie verband;
- (i) Dat al bogenoemde aspekte en voorwaardes vervat word in die huurooreenkoms tussen Munisipaliteit Swartland en *Icasa VANS* en dat veral klem gelê word op die kansellasie van die ooreenkoms indien die steurnis van seine die munisipaliteit se wireless netwerk sou affekteer of sou lamlê;
- (j) Dat die munisipaliteit nie aanspreeklik gehou sal word vir enige uitgawe wat die instansie sou aangegaan het om hulle netwerke op te rig nie;
- (k) Dat die koste van die opstel van die ooreenkoms vir die rekening van die huurders sal wees.

**7.8 UITSTAANDE DEBITEURE – JULIE 2011 (5/7/1/1)**

'n Volledige verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer en ook tydens die voorlegging van die maandverslag bespreek.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Julie 2011.

**7.9 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)**

Daar moet ingevolge die Batebestuursbeleid van die Raad op 'n maandelikse basis verslag gedoen word aangaande die stand van uitstaande versekeringseise.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

**7.10 HERSEELPROGRAM: 2011/2012 (16/5/5/1)**

'n Bedrag van R7 500 000,00 is beskikbaar in die 2011/2012 finansiële jaar vir die herseel van strate.

Die beskikbare fondse word proporsioneel verdeel tussen die onderskeie dorpe in die Swartland volgens die totale lengte teerstrate per dorp. Die priorisering van paaie word dan met behulp van die Plaveiselbestuursprogram gedoen wat volgens die klas pad en die huidige toestand van die pad die strate in die onderskeie dorpe identifiseer wat herseel behoort te word.

Die lys van strate wat vir herseelwerk aanbeveel word, is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**

- (a) Dat die herseelprogram soos aangeheg tot die verslag, goedgekeur word;
- (b) Dat kennis geneem word dat hierdie slegs 'n voorlopige program is en moontlik afgeskaal kan word met die uitgawes aan voorbereidingswerk wat tans onbekend is.

**7.11 VOORGESTELDE HERSONERING, ONDERVERDELING EN AFWYKING OP GEDEELTE 4 VAN DIE PLAAS YZERFONTEIN NO. 560, AFDELING MALMESBURY (15/3/3-15, 15/3/6-15)**

'n Aansoek is ontvang vir die hersonering van 'n gedeelte 4 van die plaas Yzerfontein no. 560 (groot ±5.83ha) vanaf landbou sone 1 na onderverdelingsgebied.

Aansoek word ook gedoen vir die onderverdeling van gedeelte 4 in 'n restant (±770.92ha) en gedeelte A (±5.83ha) en vir die verdere onderverdeling van gedeelte A in drie gedeeltes, naamlik gedeelte 1 (±1.546ha), gedeelte 2 (±1.382ha) en gedeelte 3 (±2.9ha).

'n Verdere aansoek is ontvang vir die onderverdeling van die drie gedeeltes om die volgende grondgebruike te vestig:

- Gedeelte 1 (±1.546ha) –
  - 16 residensiële sone I erwe
  - 1 oopruimte sone
- Gedeelte 2 (±1.382ha) –
  - 12 residensiële sone I erwe
  - 1 publieke pad
- Gedeelte 3/...

7.11/...

- Gedeelte 3 (±2.9ha) A –
  - 56 residensiële sone II erwe
  - 5 oopruimte II erwe
  - 1 owerheidsone erf
  - privaat pad.

Aansoek word ook gedoen om afwyking op 2 residensiële erwe aangrensend tot mekaar en vir 'n residensiële sone II perseel groter as 2ha.

## BESLUIT

A Dat die aansoek vir die hersonering van 'n gedeelte van gedeelte 4 van die plaas Yzerfontein no. 560 (groot ± 5.83ha), Afdeling Malmesbury ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf landbou sone I na onderverdelingsgebied goedgekeur word, ten einde die volgende grondgebruike te akkommodeer:

- 28 residensiële sone I erwe (groot ±2.25 ha)
- 56 residensiële sone II erwe (groot ±1.90 ha)
- 1 oopruimte III erf (groot ± 0.34 ha)
- 5 oopruimte II erwe (groot ±0.44 ha)
- 1 oopruimte 1 erf (groot ±0.04 ha)
- 1 owerheid sone erf (groot ±0.005 ha)
- publiek pad (groot ±0.30 ha)
- privaat pad (groot ±0.55 ha)

en dat die goedkeuring onderhewig is aan die volgende voorwaardes:

### A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat die voorgestelde ontwikkeling aan die parameters van die nuwe sonerings (residensiële sone II en die residensiële sone I) sal voldoen;
- (b) dat die eienaar/ontwikkelaar 'n huiseienaarsvereniging ingevolge artikel 29 van Ordonnansie 15 van 1985 stig met 'n grondwet wat:
  - (i) die beheer oor en die instandhouding van geboue, dienste en geriewe wat uit die betrokke onderverdeling en hersoneringsaansoek ontstaan ten doel het;
  - (ii) voorsiening maak dat eienaars van grondeenhede wat uit die betrokke onderverdeling en hersonering ontstaan, as lede mede-aanspreeklik is vir uitgawes aangegaan in verband met die vereniging;
  - (iii) voorsiening maak vir 'n bouhandleiding wat die ontwerp en argitektuur van die ontwikkeling sal aanspreek;
  - (iv) deur die Munisipaliteit goedgekeur is ten einde te verseker dat aan die bepalinge van subparagrafe (i), (ii) en (iii) voldoen word;
- (c) dat aangesien die eienaar/ontwikkelaar die ontwikkeling gaan faseer, daar uitvoering gegee word aan voorwaarde A1(b) soos van toepassing op die betrokke fases;
- (d) dat die toepaslike bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (e) dat die eienaar/ontwikkelaar 'n hersieningsargitek aanstel ten einde alle bouplanne ooreenkomstig die opgestelde ontwerpshandleiding na te gaan en 'n aanbeveling by wyse van 'n stempel op die bouplanne aan Swartland Munisipaliteit maak, alvorens bouplanne ingedien word;
- (f) dat 'n bewaringserwituut geregistreer word op gedeelte 4 van die plaas Yzerfontein no. 560, Afdeling Malmesbury ten gunste van Kaapse Natuurbewaring in oorleg met Kaapse Natuurbewaring asook die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning;
- (g) dat die/...

7.11/...

- (g) dat die eienaar/ontwikkelaar as 'n bydrae tot die uitwissing van agterstande en subsidiëring van laekoste behuising gelikwedeerde skadevergoeding moet betaal van R400 000,00 na 'n tydperk van 4 jaar en hierdie voorwaarde moet aan elke koper openbaar word, welke klousule (van openbaarmaking) as volg moet lees:

*"The Transferee and his/her/its/their successors in title, shall, within a period of 48 (fourty eight) calendar months reckoned from the date of registration of transfer of this erf from the developer into the name of the Transferee erect or cause to be erected a residential dwelling on this erf, with a value of not less than R400 000-00 (four hundred thousand rand). The value of the said residential dwelling shall be determined by Swartland Municipality in accordance with the Municipal Property Rates Act, Act 6 of 2001. Should the said residential dwelling not be erected as aforesaid, the registered owner of this erf shall be liable to pay liquidated damages to Swartland Municipality equivalent to the annual rates and taxes leviable on R400 000-00 (four hundred thousand rand) at the relevant tariff, over and above the rates and taxes which will be levied on the valuation of the undeveloped property. The said liquidated damages shall be payable until a residential dwelling has been erected and completed with a value of not less than R400 000,00 (four hundred thousand rand)".*

- B Dat die aansoek vir die onderverdeling van gedeelte 4 van die plaas Yzerfontein no. 560, Afdeling Malmesbury in 'n restant ( $\pm 770.92$ ha) en gedeelte A ( $\pm 5.83$ ha), ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word;
- C Dat die aansoek vir die onderverdeling van gedeelte A ( $\pm 5.83$ ha) van gedeelte 4 van die plaas Yzerfontein no. 560, Afdeling Malmesbury ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 in drie gedeeltes, naamlik gedeelte 1 ( $\pm 1.546$ ha), gedeelte 2 ( $\pm 1.382$ ha) en gedeelte 3 ( $\pm 2.9$ ha) goedgekeur word;
- D Dat die aansoek vir die onderverdeling van 'n gedeelte 1 ( $\pm 1.546$ ha), gedeelte 2 ( $\pm 1.382$ ha) en gedeelte 3 ( $\pm 2.9$ ha) van gedeelte A ( $\pm 5.83$ ha) van gedeelte 4 van die plaas Yzerfontein no. 560, Afdeling Malmesbury ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985, soos volg goedgekeur word:

Gedeelte 1:

- 16 residensiële sone I erwe (groot  $\pm 1.216$ ha)
- 1 oopruimtesone I erf (groot  $\pm 0.34$ ha)

Gedeelte 2:

- 12 residensiële sone I erwe (groot 1.034ha)
- 1 publieke pad (groot  $\pm 0.3$ ha)

Gedeelte 3:

- 56 residensiële sone II erwe (groot  $\pm 1.90$  ha)
- 5 oopruimte II erwe (groot  $\pm 0.48$  ha)
- 1 owerheid sone erf (groot  $\pm 0.005$  ha)
- privaat pad (groot  $\pm 0.55$  ha)

en dat die goedkeuring onderhewig is aan die volgende voorwaardes:

#### **D1 WATER**

- (a) dat die aansoeker 'n ingenieur, professioneel geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000, aanstel vir die ontwerp van die waterspreidingsnetwerk en om toesig te hou oor die aansluiting van die eenhede tot die waterspreidingsnetwerk;
- (b) dat die impak van die nuutgeskepte eenhede se waterbehoefte op die bestaande waterspreidingsnetwerk deur die munisipaliteit se ingenieur, verantwoordelik vir die meesterbeplanning ten opsigte van water, bepaal moet word;
- (c) dat die kommentare vir uitbreidings aan pypgeleidings en voorsiening en plasing van pompstasies aan die Direkteur: Siviele Ingeneursdienste voorsien

7.11(c)/...

moet word en vervat word in die ontwerp. Hiervoor moet die ontwikkelaar se ingenieur skakel met GLS Raadgewende Ingenieurs;

- (d) dat die ontwerpstandaarde en konstruksiemateriaal met die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste uitgeklaar word;
- (e) dat die beskikbaarheid van grootmaat watervoorsiening tot die ontwikkeling uitgeklaar word met die Weskus Distriksmunisipaliteit;

## **D2 RIOOL**

- (a) dat daar geen waterdraende munisipale spoelriool beskikbaar is nie;
- (b) dat elke verbruikerseenheid van 'n riooluitsuigtenk voorsien word met 'n minimum kapasiteit van 8 000 liter;
- (c) dat die uitsuigtenk toegerus word met 'n 100mm "parrot" tipe koppelstuk wat vir die diensvragmotor vanuit die straat toeganklik is. Hierdie voorwaarde is op bouplanstadium van toepassing;
- (d) dat 'n onafhanklike, ondergrondse 160mm uPVC instaleer word vir die aansluiting by die toekomstige munisipale infrastruktuur;

## **D3 STRATE EN STORMWATER**

- (a) dat die aansoeker 'n ingenieur, professioneel geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000, aanstel vir die ontwerp van die strate en stormwater afvoerstelsels en vir toesig oor die konstruksie van die paaie en stormwaterstelsels;
- (b) dat die ontwerp daarvoor moet voorsiening maak dat die paaie deur munisipale diensvragmotors gebruik kan word;
- (c) dat die ontwikkeling voorsien moet word van 'n ondergrondse stelsel wat vloedgroottes tot en met die 1:5 jaar vloed kan akkommodeer;
- (d) dat die ontwikkeling voorsien word van bogrondse ontsnaproetes wat vloedgroottes tot en met die 1:50 jaar vloed kan akkommodeer;
- (e) dat die stormwater wat konsentreer word in pypgeleidings nie toegelaat mag word om privaat erwe te kruis nie;
- (f) dat alle stormwater ondergronds weggevoer moet word tot by 'n geskikte munisipale versamelpunt;
- (g) dat geen stormwater vanaf die voorgestelde ontwikkeling toegelaat mag word om vrylik oor die oppervlak uit te vloei tot die bestaande dorpsgebied nie;
- (h) dat die ontwerpstandaard en konstruksiemateriale met die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste uitgeklaar word;

## **D4 VULLISVERWYDERING**

- (a) dat 'n basiese vullisverwyderingstarief gehef word per wooneenheid van die enkelwoon erwe en dat vullis op die naaste munisipale sypaadje geplaas word op die oggend van verwydering;
- (b) dat die padwydte 'n minimum van 5,5m tot 6m, klokmondings 8m en draaisirkels van 15m radius voorsien word;
- (c) dat paaie 'n minimum van 'n 30 ton vullisverwyderingsvragmotor kan akkommodeer;

7.11/...

- (d) dat in die geval van die groepsbehuisingsontwikkeling daar ook 'n basiese vullisverwyderingstarief gehef word per wooneenheid, maar dat daar 'n sentrale geboude vullisarea geskep word met skoon lopende watertoevoer en vuilwaterafvoer na die riool;
- (e) dat die vullisarea toeganklik moet wees vir 'n 30 ton vullisvragmotor en vullisverwyderingspersoneel, maar ontoeganklik vir ongewenste elemente, mens en dier;

**D5 ELEKTRISITEIT**

- (a) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die voorsiening en installasie van substasies asook die inkorporasie daarvan in die munisipale ringtoevoer soos benodig vir die ontwikkeling;

**D6 KAPITAALBYDRAES**

- (a) dat die ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van water wat bepaal is deur die Weskus Distriksmunisipaliteit op R8 120,00 (BTW uitgesluit) per kiloliter jaarlikse gemiddelde daaglikse aanvraag (R9 256,80/kl AADD, BTW ingesluit). Hierdie kapitaalbydrae is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit tesame met die normale vaste kapitaalbydrae ten bedrae van R7 277,00 per nuutgeskepte eenheid (totaal van R648 199,44) vir die grootmaat verspreiding van water en is betaalbaar op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar 2011/2012 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7990;

- (b) dat 'n vaste kapitaalbydrae t.o.v grootmaatwaterdienste ten bedrae van R7 277,00 ('n totaal van R611 268,00) gemaak word aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2011/2012 en kan hierna hersien word;

- (c) dat 'n vaste kapitaalbydrae vir grootmaat riooldienste ten bedrae van R3 600,00 per nuutgeskepte eenheid ('n totaal van R302 400,00) gemaak word aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar 2011/2012 en kan hierna hersien word;

- (d) dat 'n vaste kapitaalbydrae t.o.v strate en stormwater ten bedrae van R5 363,00 per nuutgeskepte eenheid ('n totaal van R 450 492,00) gemaak word aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar 2011/2012 en kan hierna hersien word;

- (e) dat 'n vaste kapitaalbydrae t.o.v. die voorsiening van elektrisiteit ten bedrae van R4 321,00 per nuutgeskepte gedeelte ('n totaal van R362 964,00) gemaak word aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar 2011/2012 en kan hierna hersien word;

**D7 ERFENIS WESKAAP**

- (a) dat indien enige argeologiese materiaal tydens grondwerkaktiwiteite ontdek word, moet alle werke gestaak word en Wes-Kaap Erfenis onmiddellik in kennis gestel word;

**D8 DEPARTEMENT VAN WATERWESE EN BOSBOU**

- (a) dat geen bo- of ondergrondse water asook stormwater besoedel mag word as gevolg van aktiwiteite op die perseel nie;
- (b) dat alle bepalings van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 of 1998) te alle tye nagekom word;

7.11/...

- (c) dat soliede afval bestuur moet word in oorleg met die voorskrifte van artikel 20 van die Omgewingsbewaringswet, 1989 (Wet 73 van 1989);
- (d) dat alle redelike maatreëls getref word om die besoedeling van waterbronne te voorkom in die geval van ongelukke of gedurende installering en bedryf;
- (e) dat die Omgewingsbestuursplan alle mitigasie maatreëls bevat om sodoende die potensiële impakte te verminder en moet geïmplementeer en te alle tye aan voldoen word;
- (f) dat wanneer 'n uitsuigtenk gebruik gaan word vir die wegdoen van riool, dat die Departement van Waterwese en Bosbou voorsien word van 'n ondertekende afskrif van 'n ooreenkoms tussen die munisipaliteit en die eienaar wat die uitsuigtenk gaan pomp;
- (g) dat die posisie van die uitsuigtenk geplaas word bo die 1:100 jaar vloedlyn, of meer as 100m van die oewer van 'n waterbron, watter een ookal die verste is;
- (h) dat die konstruksie van die uitsuigtenk so plaasvind dat geen water die sisteem binne- of uitgaan deur uit te lek nie. Spesiale aandag moet gegee word by die plasing van die vogafweerlaag gedurende die konstruksiefase. Die uitsuigtenk moet op 'n gereelde basis inspekteur word vir lekkasies as 'n voorsorgmaatreël ten einde te verhoed dat die besoedeling van grondwater plaasvind;
- (i) dat waar boorgate water voorsien moet die watergebruik registreer word ingevolge Artikel 21(a) van die Nasionale Waterwet, 1998: Provinsiale Kennisgewing no. 26187 gedateer 26 Maart 2004. Die registrasievorms is beskikbaar by die kantoor van die Departement van Waterwese en Bosbou op versoek;
- (j) dat waar die konstruksie van die rioolpyplyn enige waterbron kruis, so 'n aktiwiteit gesien word as 'n watergebruik in terme van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998) en moet daar 'n watergebruik goedkeuring verkry word van die Departement van Waterwese en Bosbou;
- (k) dat enige ontwikkeling wat die hulpbron kwaliteit binne die opvangsgebied of binne die 1:100 jaar vloedlyn kan beïnvloed, watter ookal die grootste, of enige ontwikkeling binne 'n radius van 500m vanaf 'n vleiland vereis 'n watergebruik lisensie;

**D9 TELKOM**

- (a) dat Telkom se oorhoofse en ondergrondse infrastruktuur deur hierdie ontwikkeling geraak kan word. Veranderings tot die bestaande infrastruktuur mag nodig wees. 'n Bepaling van die kostes sal gemaak word by die ontvangs van 'n versoek;
- (b) dat die koste van die moontlike veranderings aan infrastruktuur van Telkom kan slegs bepaal word wanneer finale dimensies asook die in die lengte/snitte van die vlakke van die paaie wat gebou moet word, bekend is;
- (c) dat die applikant bo en behalwe die voorsiening vir die nodige telekommunikasie fasiliteite wat ingevolge Wet 103 van 1996 voorsien moet word, 'n addisionele hulspyp of "hulsruiimte" moet skep vir enige ander operateur as Telkom;

**D10 DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN ONTWIKKELINGS-BEPLANNING**

- (a) dat die eienaar/ontwikkelaar daarop gewys word dat daar voldoen word aan die Omgewingsgoedkeuring gedateer 8 Junie 2011 met verwysingsnommer

7.11/...

E12/2/3/1-F5/26-0550/08 van die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning;

**D11 ALGEMEEN**

- (a) dat indien dit nodig sou wees om bestaande dienste op te gradeer ten einde die ontwikkeling van diensaansluitings te kan voorsien dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar sal wees;
- (b) dat die wetlike sertifikaat wat enige van die onderverdeelde gedeeltes magtig nie uitgereik sal word alvorens daar aan bogenoemde voorwaardes voldoen is nie;
- (c) dat uitklaring vir Siviele Ingenieursdienste nie oorweeg sal word alvorens soosgebou planne van die voltooide dienste aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste in DXF en DWG formaat op 'n CD asook 'n stel gedrukte planne ontvang is nie;
- (d) dat geen konstruksiewerk 'n aanvang mag neem voordat 'n formele wateraansluiting waarvan die waterverbruik deur die munisipaliteit gehef word deur die normale rekeningstelsel tot die ontwikkeling voorsien is nie;
- (e) dat die beswaarmakers op hul reg tot appèl gewys word;

E Dat die aansoek om afwykings ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985, soos volg goedgekeur word:

- 2 residensiële sone II persele aangrensend tot mekaar, asook
- 'n residensiële sone II perseel van  $\pm 2.89$ ha);

**7.12 AFWYKING: ERF 3801, MALMESBURY (15/4/2-8)**

'n Bouplanaansoek is ontvang vir die oprigting van 'n skadunet motorafdak aan die voorkant van die bestaande woonhuis geleë op erf 3801, Arcadiastraat no.78, Malmesbury.

Erf 3801 is gesoneer as enkelwoningssone en ingevolge die Artikel 7 Skemaregulasies van toepassing op Malmesbury geld die volgende boulyne, naamlik 5m straat-, 3m agter- en 1,5m syboulyne (met dien verstande dat die gesamentlike syruimte minstens 4m moet wees).

**BESLUIT**

Dat die afwyking op erf 3801, Malmesbury ten einde af te wyk van die 5m straatboulyn tot  $\pm 0.3$ m, soos aangedui op die bouplan gemerk "B1 en B2", ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word.

**7.13 VOORGESTELDE HERSONERING, ONDERVERDELING, VERGUNNING EN AFWYKINGS OP GEDEELTE 2 VAN DIE PLAAS 690, PLAAS 687, DIE RESTANT VAN DIE PLAAS KLIPFONTEIN NO. 688, EN 'N GEDEELTE VAN DIE MEENTGROND ERF 327, MALMESBURY SOWEL AS DIE WYSIGING VAN DIE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK OM DIE BETROKKE EIENDOMME IN TE SLUIT BY DIE RUIMTELIKE BEPLANNING VIR DORP MALMESBURY (15/3/6-15, 15/3/3-15)**

'n Aansoek is ontvang namens *Encarno Trust* vir die hersonering van 'n gedeelte van gedeelte 2 van die plaas Tweefontein no. 690 ( $\pm 21.9$ ha), die restant van die plaas 687 (groot 1.7131ha), 'n gedeelte van die plaas 688 (groot 133.4781ha) asook 'n gedeelte van meentgrond erf 327, Malmesbury (groot  $\pm 1.15$ ha), geleë aan die noordooste kant van Malmesbury vanaf landbou sone I na onderverdelingsgebied.

Weens die skaal van die ontwikkeling word daar voorgestel om die groter ontwikkelingsgebied in 8 gedeeltes te verdeel en dit dan dienooreenkomstig te faseer om so die volhoubaarheid van die ontwikkeling en die voorsiening van dienste te verseker. Die totale ontwikkeling kan soos volg opgesom word:

7.13/...

- 786 enkelwoningsonere erwe (groot ±50.36ha)
- 22 gedeelde-sonering (split-zoning) persele van algemene woonsone en dorpsbehuisingsonere (groot ± 26.67 ha)
- 1 algemene woonsone perseel (groot ±3.04ha)
- 4 besigheid gesoneerde erwe (groot ±8.74ha)
- 17 privaat oopruimte persele (groot ±42.35ha)
- 4 persele vir plaaslike owerheidsdoeleindes (groot 5.31ha)
- paaie (groot ±17.68ha)

Om voormelde ontwikkelings te kan akkommodeer is die volgende aansoek ook ontvang –

- (1) die onderverdeling van gedeelte 2 van die plaas Tweefontein no. 690 (±20ha), die restant van plaas 687 (groot 1.7131ha), die restant van die plaas 688 (groot 135.1581ha) asook 'n gedeelte van meentgrond Erf 327, Malmesbury (groot ±1.15ha) in 8 gedeeltes;
- (2) die onderverdeling van die 8 nuutgeskepte eenhede in 817 gedeeltes tesame met die relevante oopruimtes en paaie soos voorgestel op ontwikkelingsplan (MAL/5637/PJ29/MAY011);
- (3) om af te wyk van die Artikel 7 Skemaregulasies;
- (4) 'n vergunningsgebruik ten einde 'n afteesoord binne die dorpsbehuisingsonering te vestig;
- (5) 'n vergunningsgebruik ten einde 'n hospitaal binne die algemene woonsone te akkommodeer.

## BESLUIT

- A Dat die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk van 2002, ingevolge artikel 26 van die Stelselwet, Wet 32 van 2000 gewysig word, ten einde voorsiening te maak vir die ruimtelike voorstelle soos vervat in hierdie ontwikkelingsaansoek;
- B Dat die aansoek om hersonering van 'n gedeelte van gedeelte 2 van die plaas Tweefontein no. 690 (groot ±20ha), die restant van plaas 687 (groot 1.7131ha), 'n gedeelte van die plaas 688 (groot ±133.4781ha) asook 'n gedeelte van meentgrond erf 327 (groot ±1.15ha), geleë te Malmesbury ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf landbou sone I na onderverdelingsgebied goedgekeur word ten einde die volgende grondgebruike te akkommodeer:
- 747 enkelwoningsonere erwe (groot ±33.59ha)
  - 39 enkelwoonsone erwe (groot ±16.77ha)
  - 22 gedeelde-sonering (split-zoning) persele van algemene woonsone en dorpsbehuisingsonere (groot ± 26.67 ha)
  - 1 algemene woonsone perseel (groot ±3.04ha)
  - 4 besigheidpersele (groot ±8.74ha)
  - 17 privaat oopruimte persele (groot ±42.35ha)
  - 4 persele vir plaaslike owerheidsdoeleindes (groot 5.31ha)
  - paaie (groot ±17.68ha)
- C Dat die konsolidasie en onderverdeling van gedeelte 2 van die plaas Tweefontein no. 690 (groot ±20ha), die restant van plaas 687 (groot 1.7131ha), die restant van die plaas 688 (groot 135.1581ha) in 8 gedeeltes ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word. Sien plan gemerk "B";
- D Dat die onderverdeling van die nuutgeskepte gedeeltes (gedeeltes van gedeelte van die plaas Tweefontein no. 690, die restant van plaas 687, 'n gedeelte van die plaas 688) ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, ten einde 817 gedeeltes tesame met die oopruimtes en paaie te akkommodeer soos voorgestel op die goedgekeurde ontwikkelingsplan (MAL/5637/PJ29/MAY011), onderhewig aan die volgende voorwaardes:

7.13/...

**D1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER**

- (a) dat die nodige bouplanne by die Departement Ontwikkelingsdienste vir oorweging ingedien word, alvorens met enige bouwerke 'n aanvang geneem word;
- (b) dat die eienaar/ontwikkelaar 'n huiseienaarsvereniging ingevolge artikel 29 van Ordonnansie 15 van 1985 stig met 'n grondwet, wat –
- (i) die beheer oor en die instandhouding van geboue, dienste en geriewe wat uit die betrokke onderverdeling ontstaan, ten doel het;
  - (ii) voorsiening maak dat eienaars van grondeenhede wat uit die betrokke onderverdeling ontstaan as lede mede-aanspreeklik is vir uitgawes aangegaan in verband met die vereniging;
  - (iii) voorsiening maak vir 'n bouhandleiding wat die ontwerp, argitektuur en parameters van die ontwikkeling sal aanspreek;
  - (iv) deur die Raad goedgekeur is ten einde te verseker dat aan die bepaling van subparagrafe (i), (ii) en (iii) voldoen word;
- (c) dat die eienaar/ontwikkelaar 'n hersieningsargitek aanstel ten einde alle bouplanne ooreenkomstig die opgestelde ontwerpshandleiding na te gaan en 'n aanbeveling by wyse van 'n stempel op die bouplanne aan Swartland Munisipaliteit maak, alvorens bouplanne ingedien word;
- (d) dat die aantal erwe groot  $\pm 2500\text{m}^2$  nie verder onderverdeel word nie;
- (e) dat die wetlike sertifikaat wat uitklaring magtig nie uitgereik sal word alvorens die betrokke eiendom aan die toepaslike voorwaardes voldoen nie;
- (f) dat daar kennis geneem word dat die applikant voldoen het aan die versoek van Swartland Munisipaliteit om voorsiening te maak vir die betaling van gelikwideerde skadevergoeding soos in paragraaf 5.1.3 van die aanbod gemeld wat neerkom op R400 000,00 na vier jaar;
- (g) dat daar verder kennis geneem word dat die begerigheid om voorsiening te maak vir, sosiale- en bekostigbare behuising, sowel as eerste huiskopers in klousule 12.18 van die aanbod aangespreek word;

**D2 WATER, RIOOL, STRATE, STORMWATER EN ELEKTRISITEIT**

- (a) dat die voorsiening van grootmaat infrastruktuur, voorsiening van netwerke, landskaperingsvoorstelle, berekening van kapitaalbydraes en tot watter mate die betrokke dienste installeer moet wees alvorens uitklaring gegee kan word, in 'n ooreenkoms tussen die ontwikkelaars, *Encarno Trust* en Swartland Munisipaliteit vervat word, wat vir beide partye aanvaarbaar is;

**D3 VULLISVERWYDERING**

- (a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke beboude perseel/wooneenheid gehef word en dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie geplaas word op oggend van verwydering;
- (b) dat in die geval van besighede moet 'n geboude vullisarea voorsien word met skoon lopende water en vuilwater afvoerput;
- (c) dat die vullisarea maklik toeganklik moet wees vir 'n 30ton vullisvragmotor en vullisverwyderingswerkers, maar ontoeganklik vir ongewenste elemente en diere;
- (d) dat die vullisverwyderingstarief vir besighede aangepas sal word volgens die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
- (e) dat paaie 'n minimum straatbreedte van 5,5m - 6m moet wees, die draaisirkel 15m en Bellmouth 8m;

7.13/...

**D4 ESKOM**

- (a) dat indien hierdie hersonering en onderverdeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
- (b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;

**D5 ERFENIS**

- (a) dat streng argitektoniese riglyne gevolg moet word, spesifiek met betrekking tot die hoogte en omvang van die wooneenhede in die "gentleman's estate";
- (b) dat indien enige argeologiese materiaal of menslike grafte tydens grondwerke aktiwiteite gevind word, moet alle werke gestaak word en Wes Kaap Erfenis onmiddellik en kennis gestel word;

- E Dat die onderverdeling van erf 327 in 'n gedeelte (groot ±1.15ha) en 'n restant ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vir die skepping van die toegangspad na die groter ontwikkeling goedgekeur word;
- F Dat die aansoek vir die afwyking van die minimum erf grootte vir enkelwoningsonere vanaf die voorgeskrewe 500m<sup>2</sup> na 300m<sup>2</sup> goedgekeur word;
- G Dat die aansoek om af te wyk van die voorgeskrewe dekking vanaf 50% na 55% op enkelwoningsonere ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 afgekeur word, siende dat dit moontlik 'n presedent sal skep vir enkelwoningsonere vir die res van die dorp;
- H Dat die aansoek om af te wyk van die voorgeskrewe straatboulyn in terme van enkelwoningsonere erwe groter as of gelyk aan 400m<sup>2</sup> van 5m tot 3.5m ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, met dien verstande dat 'n minimum afstand van 4m vir die motorhuis gehandhaaf word om so voorsiening te maak dat 'n groot motor wel daar kan parkeer;
- I Dat die aansoek om af te wyk van die voorgeskrewe kantboulyne met betrekking tot enkelwoningsonere vanaf 1.5m met 'n gesamentlike ruimte van 4m na (nul) 0m in terme van die motorhuis en andersins 'n gesamentlike ruimte van 3m ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word;
- J Dat die afwyking van die agterboulyn in terme van enkelwoningsonere ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf die voorgeskrewe 3m na 2m goedgekeur word;
- K Dat die afwyking van die straatboulyn van die voorgestelde enkelwoningsonere erwe met 'n grootte kleiner as 400m<sup>2</sup> vanaf 5m na 2m ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, met dien verstande dat 'n minimum afstand van 4m vir die motorhuis gehandhaaf word om so voorsiening te maak dat 'n groot motor daar kan parkeer;
- L Dat die aansoek om af te wyk van die voorgeskrewe dekking vanaf 50% na 55% in terme van die dorpsbehuisingsonering ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word;
- M Dat die afwyking van die straatboulyn in terme van algemene woonsone vanaf die voorgeskrewe 8m na 4m ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word;
- N Dat die afwyking van die kantboulyn in terme van algemene woonsone vanaf die voorgeskrewe 5m na 3m ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word;

7.13/...

- O Dat die afwyking van die agterboulyn in terme van algemene woonsone ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf die voorgeskrewe 5m na 3m goedgekeur word, maar dat die versoek van 'n 0m agterboulyn waar die sone aan 'n oopruimte grens afgekeur word;
- P Dat die aansoek om vergunningsgebruik ten einde 'n aftreeoord binne die dorpsbehuisingsonering te vestig in terme van paragraaf 4.6 van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word;
- Q Dat die aansoek om vergunningsgebruik ten einde 'n inrigtingsgebou (hospitaal) binne die algemene woonsone te akkommodeer, goedgekeur word;
- R Dat daar kennis geneem word dat, behalwe voormelde voorwaardes, daar 'n formele ooreenkoms tussen Swartland Munisipaliteit en die applikant gesluit word ten einde addisionele voorwaardes van die onderskeie provinsiale en nasionale departemente en professionele ondersoekte te inkorporeer en dat voormelde ooreenkoms ingevolge gedelegeerde bevoegdhede deur die Munisipale Bestuurder, in oorlegpleging met die direkteure onderteken sal word;
- S Dat goedkeuring verleen word vir die wysiging van die "developers contributions" ingevolge die GROOTMAAT KAPITAALBYDRAEBELEID ten aansien van paaie (soos omskryf in voormelde beleid) en stormwaterdreinerings, weens die feit dat die groeimodel soos in 2007 opgestel en goedgekeur nie dienooreenkomstig gerealiseer het nie, aangesien ontwikkelings soos beplan nie plaasgevind het nie;
- T Dat voormelde wysiging (paragraaf S hierbo) as volg in die KAPITAALBYDRAEBELEID aangepas word –

	PAAIE			STORMWATER		
	Bestaande beleidstarief	Voorgestelde beleidstarief	Verskil	Bestaande beleidstarief	Voorgestelde beleidstarief	Verskil
<b>Residential 1 (4 units/ha)</b>	R41 284,00	R29 742,00	R11 542,00	R6 052,00	R4 945,00	R1 107,00
<b>Residential 1 (15 units/ha)</b>	R38 703,00	R27 883,00	R10 820,00	R5 620,00	R4 592,00	R1 028,00
<b>Residential 1 (25 units/ha)</b>	R28 382,0	R20 446,00	R7 936,00	R4 323,00	R3 532,00	R791,00
<b>Residential 1 (50 units/ha)</b>	R20 642,00	R14 872,00	R5 770,00	R3 459,00	R2 826,00	R633,00
<b>Business (per m<sup>2</sup>)</b>	R472,15	R340,00	R132,15	R12,07	R11,11	R0,96

- U Dat daar kennis geneem word van Provinsie (Departement Ontwikkelingsbeplanning) se bepaling in die ROD van die ±43hektaar van erf 353, Abbotsdale as "Biodiversity offset", maar dat Swartland Munisipaliteit en die applikant met die betrokke departement in gesprek tree om die ROD te wysig om die gedeelte van of rondom die "driehoekpad" in te sluit.

#### 7.14 2012-2017 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN: PROSESPLAN (2/1/4/4/1)

Die Bestuurder: Strategiese Dienste, mnr L Fourie verduidelik dat die konsep GOP Prosesplan op 22 Junie 2011 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê was, waarna dit vir publieke insette en kommentaar beskikbaar gestel is.

Die Prosesplan is 'n tydskedule wat al die belangrikste stappe en sperdatums uiteensit vir die GOP en Begrotingsproses wat strek vanaf September 2011 tot en met Junie 2012.

#### BESLUIT

- (a) Dat die Prosesplan ten opsigte van die opstel van die 2012-2017 GOP vir Swartland in terme van artikel 28 van die Wet op Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000) vir goedkeuring by die Raad aanbeveel word;

7.14/...

- (b) Dat die GOP/Begroting Tydskedule in Aanhangsel A van die Prosesplan in terme van artikel 21(1)(b) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) vir goedkeuring by die Raad aanbeveel word.

**(GET) T VAN ESSEN**  
**UITVOERENDE BURGEMEESTER**